HOËRSKOOL WATERKLOOF
ONS BOU IN GELOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 1 | 2024

Wenners van Beste Skoolkoerant en Beste Indiepte artikel in die Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2023

# Klofiekan – beste skoolkoerant in die land

Redaksie




- Fotograaf: Marlette Krüger -

Jaar na jaar presteer die Klofies op alle gebiede. Of jy nou met 'n toga, 'n rugbytrui of 'n Van Huyssteens-hammertjie wegstap, daar is 'n berig oor elke Klofie in die Klofiekan. Maar hiérdie jaar kan ons as redaksie met onsself spog, want ons het die beste skoolkoerant in Suid-Afrika.

Tydens Netwerk24 se Nasionale Skolenuus-kompetisie van 2023 is die Klofiekan as die beste gedrukte skoolkoerant aangewys. Na twee jaar wat ons as finaliste geëindig het, kon die redaksie hierdie jaar met die R25 000 prysgeld wegstap.

"Om dié prestasie te behaal, is 'n doelwit wat die redaksie gestel het vandat ons

## "Elke redaksielid het 'n sterk neus vir nuus en snuffel al die Kloof-stories uit."

die Beeld Skoolkoerant-kompetisie in 2018 gewen het," vertel Nandi Gous, redakteur van 2023 en 2024. Vra vir enige redaksielid - om 'n joernalis te wees, is nie speletjies nie. Met elke uitgawe word daar probeer om op die vorige een te verbeter. Die redaksie hou aan die begin van elke jaar 'n opleidingsessie, wat deur ervare mense in die veld aangebied word soos die joernaliste Lourensa Eckard, Vicus Burger en Cobus Claassen, wat die Klofie-joernaliste inspireer en hulle skryfvaardighede opskerp.

"Die groot vreugde van die Klofiekan lê daarin om die heeltyd jou oor op die grond van die skool te hou," sê Nandi. "Elke redaksielid het 'n sterk neus vir nuus en snuffel al die Kloof-stories uit."

Sukses is 'n groepspoging en die Klofiekan is geen uitsondering nie. Sonder die wakende oë .van die redaksieonderwysers, juffroue Retha Hofmeyr, Annuska Pretorius, Leandre Eksteen, Janneke Vahrmeijer, mnr. Gareth Harris en juf. Alma van der Walt (voormalige hoof van die Klofiekan), sou hierdie prestasie nie moontlik wees nie.

Waterkloof is 'n besondere groot skool, maar dit maak die redaksie se werk maklik – daar is nooit 'n tekort aan gebeurtenisse, interessante mense en grappe nie. Die Klofiekan sou nie so suksesvol kon wees, sonder die warm en interessante leerders van Kloof nie.



Mnr. en Mej. Waterkloof - bl.3

- Fotograaf: Carla van Staden -



Wetenskap Expo - bl.11

- Foto verskaf -



Marthie de Bruin uitreik - bl.12

- Fotograaf: Elizmari Rootman -



A-bond Interhoër - bl.16

- Fotograaf: Kayley Wessels -

# Redakteursbrief

*Life is not short. It's just that by the time we catch up to appreciating it, we've already left life at least halfway behind us.* ~ Sanjo Jendayi




Vinniger as die vinnigste sneltrein: só voel die eerste kwartaal van 2024 na 'n rekordlange Desembervakansie. Baie van ons voel asof ons nog die trein van agter probeer inhardloop en ons speel net heeltyd "opvang".

Voor ons ons oë kon uitvee, was 'n sokkie-*tan* die enigste herinnering aan interhoër, die deurnagsokkie 'n interessante nag in jou verlede en jou *PAT* moet al amper ingehandig word.

Baie dae wonder 'n mens hoekom jy hierdie trein gekies het, die Bloutrein met sy mal passasiers en onheilige spoed. Dit is egter hierdie mense wat hard werk, saam swoeg en sweet, drome waar maak en lief en leed deel. Dit is hulle wat 'n kwartaal vol herinneringe help skep het – van die atletiek met die Blitsblikke, tot Kloof se eie Nierstene en Eric, Riwan en Bal se befaamde liefde.

'n Mens kan so vinnig verby elke stasie jaag dat jy vergeet om dit werklik te waardeer. Dankbaarheid moet nie kom uit die vreugdes van die lewe nie, maar vreugde kom natuurlik wanneer jy dankbaar is.

Al wat ek kan sê is, hierdie jaar is nog vêr van verby en daar is baie bestemmings wat vir ons voorlê. So kyk uit, ons is op pad na iets goed. Ons is op pad na iets mooi.

# REDAKSIE

**Graad 12**
Mia Appelcryn (Adjunkredakteur)
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 11**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Riané Muller
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle
Danielle van Niekerk
Claudia van Wyk

**Graad 10**
Kayla Borstlap
Nika Meiring
Simoné de Leeuw
Elimay le Roux
Cara Grebe

**Graad 9**
Mila Gous

**Onderwysers**
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Annuska Pretorius

**Uitleg**
Marlette Krüger

# WENNERS!



*Baie geluk aan Kristi Silvis in gr. 11 en Menay Silvis in gr. 12 wat die gelukkige wenners van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 3/2023 is. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2024*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*




# Laat jou stem tel

Nandi Gous

**Die een helfte van ons werk is op *WhatsApp* en die ander helfte op *Teams*. Die aand voor jou toets spandeer jy méér tyd om na die toetsafbakening te soek as wat jy eintlik leer. Verkies die Klofies om akademiese kommunikasie en inligting op *WhatsApp* of *Teams* te ontvang?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek verkies Teams, want dit hou die skoolwerk in orde en dan is daar nie die heeltyd kinders wat onnodige boodskappe stuur nie. Teams is die beste manier om skoolwerk te doen en om vir toetse en take voor te berei.*

**Janko Vermeulen (graad 9)**

- *Ek verkies Teams, want as jy boodskappe of afbakenings van spesifieke vakke nodig het, weet jy klaar na watter kanaal toe jy moet gaan. WhatsApp is beter vir korttermyn boodskappe soos die weeklikse rooster of reëlings vir die volgende dag.*

**JG Vlok (graad 9)**

- *Ek verkies om die skool se kommunikasie op WhatsApp te ontvang. Dit is makliker om weer na werk terug te kyk en om lêers aan te stuur. Almal het ook reeds WhatsApp op hulle fone, so dit is meer toeganklik.*

**Marko Venter (graad 10)**

- *Ek voel WhatsApp is nuttiger om werk en kommunikasie aan te stuur, aangesien ons nooit Teams oopmaak nie. Ons is klaar permanent op WhatsApp, waarom kan ons nie ook ons skoolwerk daarop beskikbaar hê nie?*

**Jolee van Rooyen (graad 11)**

- *Volgens my is WhatsApp 'n beter opsie, want jy kan presies dieselfde op WhatsApp doen as wat jy op Teams kan doen. Onderwysers kan op WhatsApp 'n community vir hulle vak stig, waarop hulle met elke klas apart, of almal saam in 'n groep kan kommunikeer. Min kinders gebruik Teams en min kinders se notifications is aan op Teams. WhatsApp is ook meer gerieflik omdat meer kinders aktief daarop is en dus meer gereeld aan werk of aktiwiteite wat hulle moet afhandel, herinner word.*

**Inge Visser graad 12**

# Laat jou stem tel

Krige Steyn

**Met gaskoeldrank, skyfies en die lekkers wat ons kos noem, maak Kloof se snoepie dit maar moeilik om vir 'n vakansie by die see voor te berei. Dink jy die snoepie moet gesonder alternatiewe aan die leerders verkoop?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Nee, baie min kinders hou van gesonder kos.*

**Dewan Schlebusch (graad 8)**

- *Ja, ek glo dat 'n persoon is wat hy eet. Om gesond te eet, sal jou gesond laat voel.*

**Jacques van der Westhuyzen (graad 9)**

- *Ja, kinders kan nie funksioneer en presteer wanneer hulle net ongesonde kos eet nie. Hulle moet die nodige gesonde proteïene en vitamiene inkry om deur die dag te kan fokus.*

**Mienke Slabbert (graad 10)**

- *Nee, die snoepie is die enigste ontsnappingsroete van my ma se Weighless-program!*

**Zané van der Merwe (graad 11)**

- *Nee, ek geniet die snoepie se kos. As jy gesonder kos wil hê, pak vir jou in.*

**Jacques Slabbert (graad 12)**

Hoërskool Waterkloof

# # Mnr. en Mej. Waterkloof in die reënboogspektrum

**Mia Appelcryn en Casey Robertson**

Is jy in of is jy uit? - #TENDENSMENS

Die finaliste van Mnr. en Mej. Waterkloof 2024 was beslis "in" met hul uitmuntende danspassies, kleurvolle uitrustings en plesierige persoonlikhede. Dit was voorwaar 'n spoggeleentheid!

Die manne, geklee in deftige pakke, en die dames in skemerkelkiedrag deur *Smart Guy & Smart Bride Centurion*, het die loopplank met styl geopen. Die skitterende aanddrag deur Johan Botha, het die aand afgesluit en die gehoor in verwondering gelaat. Die finaliste het die kroon gespan tydens hulle vermaaklike kreatiewe items. Die items het koorsang, kontemporêre dans en komiese kulkunsies ingesluit. Daar was selfs 'n terugflits na Mnr. en Mej. Waterkloof 2020 - *Story of the Boys* - waar die bál weer eens twee vriende verenig het.

## "... 'n ongelooflike spesiale oomblik wat onwerklik gevoel het."

Sonder die gesogte beoordelaars, juf. Jean-Mari Redelinghuys en haar span, die Waterkloof-dansakademie asook die borge, sou 'n aand van dié kaliber nie kon realiseer nie. Die alternatiewe rock van Zaan Sonnekus was die kersie op die koek en het vir 'n genotvolle aand gesorg wat niemand ooit sal vergeet nie.

Bekroon met glorie en die titel van Mnr. en Mej. Waterkloof was Riwan van Aswegen en Shani Hugo.

**Wat is julle geheim tot ware uiterlike én innerlike skoonheid?**

**Shani:** Ek sou sê die geheim tot innerlike skoonheid is om net altyd jouself te wees, 'n mooi hart te hê en om almal rondom jou met liefde te hanteer. Ek dink uiterlike skoonheid behels om mooi na jouself om te sien en natuurlik om elke dag 'n groot glimlag te dra. Ek glo vas dat jou uiterlike dit wat binne is, uitstraal.

**Riwan:** Ek weet nie van Shani nie, maar ek neem elke tweede week 'n modderbad. Ek dink dit is beslis die grootste geheim tot my skoonheid.

**Wat was vir julle die hoogtepunt van die aand?**

**Shani:** Die hele aand was ongelooflik! Die hoogtepunt was definitief toe ek as Mej. Waterkloof gekroon is en Chanté die kroon aan my oorhandig het. Almal het so hard geskree en dit was 'n ongelooflike spesiale oomblik wat onwerklik gevoel het.

**Riwan:** Definitief om ons item saam met my beste vriend, Eric, te kon uitvoer. Dit was die lekkerste om die aand met "die bal" te kon deel en almal te kon vermaak. Ek is dankbaar vir die geleentheid om die titel te dra; dit was 'n onvergeetlike aand. Vir my was die hoogtepunt om my ouma in die gehoor te kon trots maak!

**Was daar enige struikelblokke op julle pad na sukses?**

**Shani:** Die grootste uitdaging was om rustig te bly en nie té veel te stres nie. Daar was ook natuurlik die groot storm wat ons aantrektente weggewaai het en ons moes vinnig in die gange intrek!

**Riwan:** Definitief my eerste tree alleen op die loopplank. Ek dink nie ek het al ooit in my lewe so erg gebewe nie. Dis 'n vreemde gevoel as amper 'n duisend mense net sit en na jou staar.

**Beskryf jouself in een woord.**

**Shani:** passievol.

**Riwan:** anders.

**Het julle enige woorde van wysheid vir volgende jaar se deelnemers?**

**Shani en Riwan:** Ons weet hoe stresvol die aand kan wees en hoe baie harde werk ingesit word, maar as jy op daardie verhoog klim, wees net jouself en laat jou persoonlikheid uitstraal. Die belangrikste van alles is om elke oomblik van die aand te geniet!




*Shani Hugo en Riwan van Aswegen*
*- Fotograaf: Carla van Staden -*

**Wenners:**

Mnr. Waterkloof: Riwan van Aswegen
Mej. Waterkloof: Shani Hugo
Eerste Prins: Eric Enslin
Eerste prinses: Denike Ueckermann
Tweede Prins: Ben Delport
Tweede Prinses: Sophia-Mari Botha
Mnr. Fotogenies: Dian Bester
Mej. Fotogenies: Nalize Duvenhage
Mnr. Persoonlikheid: Eric Enslin
Beste kreatiewe item: "Mikhal die Mentalis" deur Mikhal Odendaal





# Het jy gehoor?

**Nandi Gous**

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

"Alles wat my nie eet nie, eet ek."

"Ek het laasjaar 3 konkussies gekry...ek probeer hierdie jaar my rekord breek."

*In die Wiskundeklas* Kind: "Meneer, ek weet nie wat om hier te doen nie." Meneer: "Moenie jou probleme myne maak nie."

"Ek wens soms ek kan my onderwyser op toesig stuur."

Juffou: "Wat vape hulle in graad 8? Pritt?"

"As ek hierdie liedjie in die *gym* hoor, sal ek 'n huis optel."

Meisie: "Jy's 'n blondine." Blondine: "Jy's haarsisties!"

"Ek voel soos 'n pleister wat iemand in die swembad gekry het."

Juffrou: "Hoekom werk jy nie?" Seun: "Juffrou, ek kan nie werk op Maandae nie, Maandae is rusdae." Juffrou: "Dis Donderdag!" Seun: "Aarde Juffrou, dan kan ek eers nie werk nie - ek moet rus voor die naweek."

"Hoe meer ek na jou kyk, hoe meer besef ek hoeveel talent ek eintlik het."

"Ek doen sleg in sommige toetse om onderwysers se lewens interessant te hou."

"As ek warm kry, verloor ek my persoonlikheid."

"Ag ja, jy weet, dis die lewe van 'n swanger sywurm."

"Wat is assimilasie? Dit klink soos 'n siekte."

Kind: "Meneer, ek het die fout gekry." Meneer: "Ja, hy sit langs jou."




# Die lig, die passie, die Druppels van 2024

**Laureanne Geertsema en Marni Botha**

Druppel-wees is vir elkeen anders. Vir sommiges was dit die mees avontuurlike tyd van hulle lewens en vir ander was dit nie so wonderlik nie. Elke Klofie het egter herinneringe van hulle dae as Druppels wat hulle koester.

2024 se Druppel-groep staan weereens bekend as die grootste Afrikaanse graad 8-groep ter wêreld. Elke Druppel, van die kleinste tot die grootste, het kom wys wat in hom of haar steek en of hulle werklik waardig is om deel van die Kloof-golf te wees.

Vroeg in Januarie is daar geel hoedjies en blou beffies in hulle honderde op busse gepak en was hulle met groot opwinding op pad na *Camp Discovery*. Dit was twee dae van pret, plesier en nuwe verhoudings wat gebou is.

Die Druppels het die kamp vreeslik geniet en sal die tydjie vir niks verruil nie! Ons het ondersoek ingestel by die Druppels om uit te vind wat hulle verwagting en ervaring van die bekendstelling was. Van hulle het gereken dat dit 'n uitdaging gaan wees, maar hulle het nie ten volle begryp wat dit gaan behels nie.

Sommige Druppels moes byvoorbeeld 100 keer vir 'n admiraal, wie se naam hulle nie geken het nie, om verskoning vra. Sommiges het voorsien dat hulle nie veel slaap op die kamp gaan kry nie, en dit was baie akkuraat. Van hulle gunstelingadmirale, wat hulle op aanvraag uitgewys het, was hoofadmiraal Denike, asook generaal Van Aardt en admirale Cillié en Riwan. Die admirale wat hulle beffies laat bewe het, was admiraal Malan en hoofadmiraal Eric. Die Druppels het ook 'n paar voorstelle vir byvoegings tot die bekendstellingsprogram vir hulle matriekjaar (2028) gegee. Hulle sal groter strawwe vir diegene gee wat nie hulle beffies dra of hulle krete ken nie. Ander sal graag 'n *Druppels Got Talent* wil inisieer om die Druppels se unieke talente ten toon te stel.

Gedurende die volgende weke is daar hard met die liewe Druppeltjies gewerk. Die Druppel-lied en -groet het oor Kloof se vlaktes weerklink. Trotse hoofadmirale Eric Enslin en Denike Ueckermann het werklik saam met hulle span 'n verandering en 'n verskil in die Druppels gesien. Ten spyte van min slaap, uitdagings en admirale wat dalk so 'n bietjie kwaai was, het die Druppels die hele inleiding tot hulle hoërskoolloopbaan terdeë geniet. Jou ware kleure wys altyd as jy moeg raak, maar beide Druppels én admirale, so moeg soos wat hulle was, kon steeds 'n aansteeklike glimlag bied wanneer die geleentheid daar was.

Die groot aand van die Druppel-konsert het uiteindelik aangebreek.  Mooi getooi in hulle mooiste konsertklere, het ons jongstes hulle uiterste bes gedoen om soos die liggies op die verhoog te skitter. Na 'n briljante en humoristiese konsert, het die groot oomblik aangebreek. Alle oë was op mnr. Denysschen toe hy, na groot afwagting, aangekondig het dat ons Druppels nou volwaardig deel van ons geliefde Hoërskool Waterkloof is.

Welkom, dierbare Druppels. Mag julle hoërskoolervaring vol passie wees, al is dit nie perfek nie. Onthou altyd om die lig te wees, waar julle ook al gaan.





Druppels 2024
- Fotograwe: Dané Naudé , Marlette Krüger -

## Cute Couple

**Dieter Stehle**

Iewers op die skool se gange sluip Cupid rond en hy het dié tweeling met sy pyl en boog deur die hart geskiet. En hy het sommer twee voëltjies met een pyl getref! Die liefde blom al vir meer as 'n jaar lank tussen Kayla Strydom en Justin van Rooyen en ook by sussie, Jani Strydom en André Breytenbach. Kom ons vind so 'n bietjie meer oor hulle verhoudings uit.

**Waar het julle storie begin?**

**Kayla:** Ons het by die graad 10-bal ontmoet. Ek het agtergekom dat Justin die heeltyd vir my kyk, maar hy het eers later die moed bymekaargeskraap om my te vra om te dans. Die res is geskiedenis.

**Jani:** Ons het in graad 10 en 11 saam Engels gehad. Ek het reeds van graad 10 af ogies vir André gehad, maar ons het eers later begin gesels toe ons langs mekaar sit. André het my tydens die Superinterhoër uitgevra en dit was onmiddellik JA!

**Hoe voel dit om met een van 'n tweeling uit te gaan?**

**Justin:** As ons nie al vier saam is nie, is daar soms 'n derde wiel aan die wa. Soms kom ek nie eers agter hulle is 'n tweeling nie, want hulle is twee verskillende mense.

**André:** Ek ken hulle uitmekaar, maar ek moet steeds mooi sekermaak. Hulle silhouette is baie dieselfde, daarom moet ek altyd fokus met wie ek praat, want dit het al gebeur dat ek net so uit die hoek van my oog kyk, en dan praat ek met die verkeerde een. Dit is interessant om die verskille tussen hulle raak te sien.

**Wat is julle toekomsplanne?**

**Kayla:** Ons wil in verskillende rigtings studeer, so ons sal maar sien wat op ons wag.

**Jani:** Ek en André wil volgende jaar saam studeer. Ons sal nader aan die tyd 'n beter idee hê van waar, maar een ding is seker, hy gaan nie so maklik van my ontslae raak nie.

**Wat is spesiaal aan jou maat?**

**Justin:** Sy laat nie toe dat enigiemand oor haar loop nie en sy staan vas by haar beginsels.

**André:** Sy gee regtig om en sal saam met jou ongelukkig raak oor dinge wat jou pla.

**Kuier julle meer gereeld as 'n groep of meer gereeld as net paartjies?**

**Justin:** Dit is lekker om goed in 'n groep saam te doen, want ons almal kom goed oor die weg.

**André:** Paartjies, omdat ek naby aan Jani bly, gaan kuier ek baie middae daar om met die honde te stap. Die afstand maak dit makliker, so ons sien mekaar gereeld.

**Wat is julle byname vir mekaar?**

**Jani:** Borrelkop, is die heel eerste bynaam wat hy vir my gegee het nadat my hare, by die Interhoër, 'n groot *bubble* daarin gehad het.

**André:** Jani het 'n paar oulike byname vir my soos *asparagus* en my genius.

**Wat is die oulikste present wat jou maat al vir jou gegee het?**

**Kayla:** Hy het vir my 'n hartjie-hangertjie, vir my 17de verjaarsdag gegee. Ek dra dit gereeld.

**Justin:** Sy het vir my 'n *scrapbook* van ons mooiste herinneringe, vir ons eenjaarherdenking, gegee.

**Wat sal jy nooit van jou maat wil verander nie?**

**Jani:** Sy glimlag, dit is vir my so mooi.

**André:** Die manier waarop sy sommige woorde verkeerd uitspreek. Dis vir my te oulik en ek wil nie hê sy moet ophou om dit te doen nie.

**Wat is die geheim vir 'n suksesvolle verhouding?**

**Kayla:** Praat dadelik as iets pla en luister na mekaar om 'n oplossing te vind. Wanneer jy jou gevoelens vir jouself hou, gaan dit later tot 'n uitbarsting lei.

**Justin:** Respekteer mekaar en maak ook tyd vir jou vriende.




*Justin & Kayla, André & Jani*
*- Foto's verskaf -*

## Met haar wyshede is sy *On Pointe*

**Michaela Smith**

As die seuns haar op Kloof se stoepe sien, vermy hulle oogkontak. Die dogters bewonder haar op 'n afstand en die dansers groet haar met 'n glimlag en 'n *"Hi Ma'am"*. Natuurlik praat ek van ons beeldskone balletjuffrou, juf. Michelle Naude, oftewel *"Ma'am"*.

Van kleins af het sy ballet beoefen en kort voor lank was sy 'n professionele ballerina by die destydse Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK). In 1990 het sy die *Marge Cade*-toekenning vir die belowendste danser in haar eerste jaar by TRUK gekry. Van 1995, as senior danser, het sy hoofrolle in onder andere *Giselle* en *The Sylph* in *La Sylphide* vertolk.

Nadat 'n besering haar dansloopbaan kortgeknip het, het sy begin klasgee om sodoende al haar wyshede aan die jonger generasies oor te dra.

Sy is nie iemand wat onregverdig is nie en volharding en deursettingsvermoë is twee van haar sterkste karaktereienskappe. Volgens haar is die jonger generasie redelik traag as dit kom by die aanvaarding van aanspreeklikheid vir hulle dade en om hulself te motiveer om 'n taak te voltooi.

"Die ideale jongmens (en danser) is iemand wat hardwerkend en toegewyd is en natuurlik iemand wat 'n sin vir humor het," sê sy. Sy leer haar dansers dat deursettingsvermoë die sleutel is om in verantwoordelike, betroubare en pragtige jong volwassenes, met goeie postuur, te verander.

Haar lewensmotto is *"never give up"* en sy is 'n ware getuienis daarvan. Maak nie saak hoe moeilik, deurmekaar of besig haar lewe is nie, sy sal elke periode met 'n glimlag en 'n vinnige *"Let's start from the corner, sausages"* instap.

Bo en behalwe haar talle rolmodelle in ballet, bewonder sy ook vir Keanu Reeves vir sy onselfsugtige dag-tot-dag-menswees. Op haar wenslysie is om te leer Frans praat en om in die Toskane in Italië te kan kosmaak.

Haar woorde aan ons: *"When you walk into a room they must know you're a dancer,"* sal my altyd bybly.



En met haar kop omhoog, kan enige persoon sien dat sy baie jare se wyshede het om te deel. *Always on pointe!*




*Me. Michelle Naude*
*- Foto verskaf-*

# Nuwe ouditorium in wording ...






ONDER KONSTRUKSIE



*Ouditorium vordering*

*- Fotograwe: Jaco de Bruin (Lexkon), Nandi Gous, Rigardt Roos, Marlette Krüger -*

# WENKE VIR SPIERE

**Nika Meiring, Elimay le Roux**

Somerlyfies word in die winter gemaak!

Is jy 'n toekomstige of 'n huidige gimnasiumfanatikus, maar jy is eintlik so verward soos 'n graad 8-leerder op die eerste skooldag?

Jy weet miskien nie waar om te begin, wat om te eet of wanneer om tyd te kry vir oefening nie...

**Hier is 'n paar wenke van Kloof se nommer een spiertier, Ben Delport, wat jou dalk kan help:**

- Balans is waar die antwoord lê en dis aanvaarbaar as daar dae is wat jou oefenprogram slegs uit trappe klim in die K-blok bestaan.
- Eetplanne is maklik: hoenderborsies en eierwitte.
- Dit maak nie saak wat die maatband, die skaal of die hempgrootte sê nie, moenie jouself oorwerk nie!
- Die beste *pre-workout* is die vrees om vandag slegter te wees as wat jy gister was.
- As 'n ou, weet net jy kry meer aandag van seuns as van meisies.



## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Epic Eric

**Miné Naudé**

Hy is 'n man van bloed, vlees en G-E-E-S. Almal ken hom, maar hoe baie weet jy eintlik van Kloof se sjarmante Eric Enslin?

**Beskryf jouself deur die naam van enige liedjie.**

Stukkie van der Merwe deur Pieter Smith.

**Wat is jou grootste swak punt?**

Ek leer die oggend voor 'n Besigheidstoets.

**Watter emoji gebruik jy die meeste?**



**Watter film beeld sover jou matriekjaar die beste uit?**

Bakgat! (2008)

**Wat beoog jy om na matriek te bereik?**

Ek wil 'n goeie inkomste verdien, sodat ek naweke saam met my pelle kan visvang en pap kan gooi.

**Hoe lyk jou ideale naweek?**

*Eat, sleep, dab, repeat!*

**Wat is die een ding waarsonder jy nooit sal kan klaarkom nie?**

My pouse bedeltyd saam met Jamin Coertze en natuurlik my meisie.

**Watter twee goed is broodnodig om hoërskool te oorleef?**

'n GROOT kosblik, en doen slegs jou huiswerk die periode voor die tyd.

**Wat is jou gunstelingsnoepiebestelling?**

'n Pastei met 'n pienk melkie.


**Die *zombie-apocalypse* is op pad. Wie is die drie glanspersoonlikhede waarmee jy 'n droomspan sal vorm?**

Juf. Lynette Seegers, Ruben Cox en Stefan Walters.

**Wat is die beste raad wat jy al ooit gekry het?**

*"But those who hope in the Lord will renew their strength. They will soar on wings like eagles; they will run and not grow weary, they will walk and not be faint."*

*- Isaiah 40:31*





*Eric Enslin*

*- Foto's verskaf -*

## ONNIE-PERSOONLIKHEID

# Mnr. Fanus Vorster

**Jani Strydom**

Daar in die klein KGO-klassie (waar die lugversorger 24 uur per dag volstoom loop), reg in die hartjie van Kloof, is mnr. Fanus Vorster besig om die leerders in Wiskunde touwys te maak. Die Klofiekan het gedurende sy besige skedule gaan inloer...

Mnr. Fanus, beter bekend as "Kersfees Fanus" is 'n meneer vol passie vir Wiskunde en Alpha-wiskunde. Hy beskryf homself as vriendelik, eerlik en opreg. In sy vrye tyd boer hy op sy familieplaas met beeste eerder as skape, want as hy nie op die plaas is nie, loop sy skape sommer dorp toe! Sy gunstelingtradisie by Kloof is wanneer die nuwe onnies voor die skool moet sing.

**Wou Meneer nog altyd 'n onderwyser word?**

Nee, toe ek op skool was, het ek gedink ek wil by die verkenningskommando in die weermag aansluit. Ek het egter besluit om Siviele Ingenieurswese by Tukkies te studeer. My paadjie het anders uitgedraai en ek het 'n fisiese wetenskappe- en wiskundeonderwyser geword. Na 'n jaar het ek besef my passie lê by Wiskunde.

**Waaruit put Meneer die meeste vreugde?**

As 'n leerder in die klas luister, die werk verstaan en dit in die toets regkry, is dit baie bevredigend.

Ek geniet dit om in die natuur te wees en God se skepping te bewonder. Ek kyk gereeld hoe die blomme geskape is en ek waardeer dit.

**Wat sal Meneer se skoolonnies van Meneer onthou?**

Ek en my wiskundeonderwyser het nie altyd goed oor die weg gekom nie. Hy sal onthou dat ek die hele tyd vir hom vrae gevra het. Ek was baie by die skool betrokke met my akademie en sport. Ek het middelafstande gedoen.



*Mnr. Fanus Vorster*

*- Foto: verskaf -*

**Wat is Meneer se lewensleuse?**

Doen alles met oorgawe en geniet dit!

**Wat is Meneer se raad aan die matrieks?**

Doen elke dag jou bietjie wat jy moet en lewe gebalanseerd. Moenie te veel tyd en energie aan net een spesifieke ding bestee nie, jy moet balans hê.

# *Cupid-koors* loop hoog in Kloof



Claudia van Wyk, Kayla Borstlap en Cara Grebe

Valentynsdag is 'n geldmaakskema, Valentynsdag is wonderlik, Valentynsdag is my gunstelingdag van die jaar, Valentynsdag laat my so alleen voel - dis 'n simpel dag. Maak nie saak hoe jy oor Valentynsdag voel nie, dit sal elke jaar kom en gaan. Elke jaar sal mense rooi of pienk aantrek. Elke jaar koop mense ongeveer 152 miljoen Valentynsdagkaartjies, 250 miljoen blomme en meer as 58 miljoen sjokolades wat saam met hulle geliefdes geniet word. Mense sal verlief, gelukkig of stoksielalleen voel en daar is niks wat jy daaraan kan doen nie.

Die Romeinse fees van *Lupercalia*, of die viering van geluk en gesondheid, sowel as die Romeinse *Saint Valentine*, wat sterk of magtig beteken, kan hiervoor bedank word. *Saint Valentine III*, het gedurende die derde eeu, Christenpaartjies onwettig getrou. Keiser Claudius wat nie 'n vrou kon kry om hom lief te hê nie, het dit onwettig gemaak vir soldate om te trou. Hy het geglo dat liefde hulle swakker soldate in die oorlog sal maak, maar *Saint Valentine* het die jong paartjies in die geheim getrou, omdat hy in die liefde geglo het. Toe hy gevang is, is hy op 14 Februarie onthoof ... vandaar die jaarlikse Valentynsdagviering op 14 Februarie. Die manier waarop ons die dag van liefde vier, verskil egter van land tot land. In Suid-Afrika koop ons vir ons geliefdes blomme, sjokolade en kaartjies en hoop jy om 'n Valentyn, of 'n Valentynsoen, te kry. Hier gaan die dag tradisioneel oor romantiese verhoudings, al kry jy dalk 'n Valentynsdagbederfie van jou ma of ouma.

In Finland word die dag "Vriendskapsdag" genoem. Die fokus van die dag is op vriende en die idee dat hulle net so belangrik soos geliefdes is. In Finland moet jy dus vir 'n dag van jou liefie vergeet en op jou bestie fokus.  Vriende bring tradisioneel die dag saam in publieke saunas deur, sing liedjies en vertel stories.

In Denemarke is dit glad nie ongewoon om net 'n gedroogte blommetjie aan jou geliefde te gee nie. Sou jy gelukkig wees om net 'n dooie blom op Valentynsdag te kry?

Suid-Korea se inwoners is duidelik baie lief vir die liefde, want hulle het jaarliks drie verskillende Valentynsdae. Op 14 Februarie gee vrouens geskenke, blomme, sjokolade of romantiese etes aan die mans in hulle lewens. Op 14 Maart is dit die manlike geslag se beurt om die vrouens in hul lewe te bederf. Die enkellopendes kry op 15 April kans om hulself te bederf, tradisioneel met 'n fantastiese ete. Watter Koreaanse Valentynsviering sal jy bywoon?

Al verskil die maniere waarop ons die dag vier, bly die idee oral dieselfde. Ons vier een van die mens se grootste basiese behoeftes. Liefde. Hierdie jaar mag dalk ook baie interessanter verloop, aangesien dit skrikkeljaar is. Meisies sukkel gewoonlik om die moed bymekaar te skraap om daardie spesiale man uit te vra. Dalk moet ons ook soos die Hollanders maak en die naam van ons geheime liefde op 'n papiertjie skryf en aan die kant van ons arms vasmaak. So, hoef ons niks te sê nie en kan die manne self uitvis van wie jy nou eintlik praat.





## Die liefdeskonsert maak ons litte los


14 Februarie…die één dag van die jaar waar alles om jou in skakerings van rooi of pienk bloos. Die dag waar mens net bietjie meer lief is, bietjie meer liefhet en bietjie meer liefde gee as gewoonlik en 'n geldige verskoning het vir al die ekstra sjokolade waarin jy jouself verlustig.


So, hoe hou Klofie-paartjies die liefdesvlam aan die brand?

Die Liefdeskonsert en Valentynsdag is sinoniem by Kloof. Vanjaar is ons weereens bederf met Klofie-talent in musiekgroepe soos die Nierstene, Neerslag, Donderwolk en Oorinfeksie wat *Cupid* se hart van trots sou laat bars. Met elke item het die gehoor die voorreg gehad om nog 'n Klofie se talent raak te sien. Dit was duidelik dat die gehoor uitgehonger was vir 'n goeie konsert.

Die onvergeetlike aand, gevul met 'n piekniek, talent en pret het beslis nie teleurgestel nie. Die rooi tapyt en sprankelende liggies wat die amfiteater in 'n sprokieswêreld omskep het, was simbolies van die liefdesvonke wat in Kloof spat.











## Die Klofies tydens skrikkeljaar

Tussen die manne van Kloof wat agter 'n bos blomme vir hulle liefies aan skarrel en die meisies wat oor die "skrikkeljaar-verskoning" sug, maak Kloof reg vir die seisoen van die liefde. Die skrikkeljaartradisie het uit die Ierse gebruik ontstaan waar vroue op 29 Februarie toegelaat is om 'n man te vra om te trou. Hierdie tradisie is op die legende van *Saint Bridget* en *Saint Patrick* gebaseer. Die twee gelowiges wat mekaar tussen die jare 451 en 461 leer ken het, het 'n sterk liefdesband ontwikkel en mense het hulle as "een hart en een verstand" beskryf. Met verloop van tyd het die tradisie van skrikkeljaar ontwikkel tot dit wat ons vandag ken. Alhoewel die meisies glo dat dit net 'n simpel verskoning vir die seuns is om geld te spaar, is dit eintlik 'n uitstekende geleentheid om die seuns weer te herinner wie regtig baas is. Presente soos sjokolade of 'n beertjie sal enige man se hart steel. Volgens van die manne by Kloof sal die ideale Valentynsdag bestaan uit mooi woorde soos: "Het jy seergekry toe jy uit die hemel geval het?" Daarna 'n geskenksakkie gevul met sjokolade, 'n beertjie, 'n *hot wheels*-karretjie of selfs *V-bucks* wat jy op die rekenaarspeletjie *Fortnite* kan koop. Meisie, as jy glo jy het al jou trouman ontmoet, moet jy 'n draai by John Deere gaan maak om te hoor hoeveel rand oortrokke jy gaan wees nadat jy die 6420-trekker vir jou bokkie gekoop het. Dis tyd dat die meisies wys hoe *Cupid* werklik gespeel word. Besoek gerus die KlofieKyk om 'n visuele voorstelling van die liefdesgebaar te sien.











*Valentynsdag*

*- Fotograwe: Esmerie Geldenhuys, Matthys Greeff, Daniek van der Westhuizen, Jack Brevis, Megan du Toit, Kristi Holtzhausen -*

# David en die Boksombende

Danielle van Niekerk en Claudia van Wyk

Agter die skerms is Kloof se terreinwerkers besig om te sorg dat alles seepglad verloop. Kloof word elke dag gedien en beskerm deur vyf ongelooflike manne wat nie bang is om hulle hande vuil te maak nie. Eerstens het ons vir generaal David Mashilo, wat sy span met passie en perfeksie lei. Tweede in bevel staan luitenant Stephens Molebatsi, wat saam met juf. Linda Marais, al vir veertig jaar lank bankvas agter die skool staan. Kolonel Michael Selemela is ons derde soldaat wat net sowel 'n onderwyser kon wees as 'n mens kyk hoe hy die leerders van Waterkloof vriendelik, dog ferm, dissiplineer. Laastens het ons vir sersante Happy Mashoboka en Jabu Mkhonza wat Hoërskool Waterkloof met 'n huppel in die stap, 'n glimlag op die gesig en 'n lied in die hart beskerm.

**"Hierdie mans is nie net werkers nie, hulle bring lewe in Kloof se geboue."**

Vermis jy 'n skoolskoen, 'n liniaal of jou Droomdelwers-leesboek? Wel, gaan vra vir een van Kloof se soldate of hulle nie onlangs een van jou besittings van Kloof se dak afgehaal het nie. Sonder hierdie soldate sou Kloof 'n vuil, blaarbestrooide geraamte gewees het met 'n saal sonder stoele. Hierdie mans is nie net werkers nie, hulle bring lewe in Kloof se geboue. Hulle is ook soos onderwysers, byvoorbeeld David, wat altyd sorg dat die stoele in die saal is, wat die badkamers patrolleer en jou met R10 000 sal beboet as hy jou vang, besig om te rook. Of Michael, wat die netbal- en astrobane teen ongewenste Klofies beskerm. Michael vertel van een dag toe hy juis besig was om die netbalbane skoon te maak. 'n Groep Klofies het probeer om skelm pouse op die netbalbane te hou. Hy het hulle vriendelik verplig om die netbalbane te verlaat, maar een van die oortreders het sy lyf gimnas gehou en van buite af bo-oor die heining geklim. Dit het Michael egter glad nie verbaas nie. Hy het slegs vir die leerder gewys wat 'n hek is en hoe om dit te gebruik.

Hulle werk is glad nie maklik nie. Sommiges moet al drieuur opstaan om betyds vir werk aan te meld. Jabu, ons skool se swembadingenieur, wat nie kan swem nie, is op 28 Januarie met 'n babatjie (waarvoor hy en sy vrou al 20 jaar wag) geseën. Hy sê dat die bondeltjie liefde sy grootste motivering is om hard te werk en die meeste van elke dag te maak. Al die soldate is soos 'n familie en hulle motiveer mekaar daagliks met grappies en liedjies. Stephens, wat soos 'n pa vir die ander is, hou hulle ook gedrewe. Stephens is al hier van die begin van Kloof se bestaan af en het die rugbyveld se gras geplant, gehelp bou aan die pawiljoen, gesien hoe die T-klasse opgerig word en is nou mal oor die nuutste toevoeging tot die skool, naamlik die swembad. Hulle sê dat die werk nie vir hulle soos werk voel nie, want hulle hou daarvan om besig te wees. Gedurende die vakansie tel hulle die dae af vir die kinders om terug te kom, want hulle mis die vriendelike gesigte en stemme.



*Voor: Stephens Molebatsi, Happy Mashoboka*
*Agter: Michael Selemela, Jabu Mkhonza, David Mashilo*
*- Fotograaf: Danielle van Niekerk -*

As jy dink dat die soldate net werkgeoriënteerd is, is jy ongelukkig verkeerd. Die manne het 'n ongelooflike voorliefde vir sport en hulle dink dat dit hoogtyd is dat Kloof 'n sokkerspan kry. Michael daag ook vir mnr. Leon Coetzer uit vir 'n 100 m-resies. Hulle is almal baie passievol oor atletiek, netbal en sokker en sal baie graag geleenthede wil hê waar hulle teen die onderwysers kan kompeteer. Daar is onlangs vir hulle 'n nuwe personeelkamer aangebou en hulle benut dit ten volle.

David en sy manne het 'n boodskap aan die Klofies: "Tel asseblief jou eie rommel op!" Hierdie spesiale groep mense is mense vol stories, grappies en harte vol lewenslus. Hulle wil graag gegroet en waardeer word. So, as jy een van hulle op die stoepe sien, groet en vra hoe dit gaan. Die belangrikste is egter: Klofies, wees dankbaar teenoor hulle vir hul toegewyde en onbaatsugtige diens aan jou.




Antwoorde: Wie se geesstok is die? 1 A, 2 F, 3 C, 4 J, 5 E, 6 H, 7 D, 8 B, 9 G, 10 I, 11 K

# Musiekresensie

Anja Maranta

## *Kloof-treffers*

Wanneer dit kom by musiek en die verskillende style en smake daarvan, is daar beslis 'n groot diversiteit onder die Klofies. Daar is egter een spesifieke genre wat by al die Klofies gewild is, of jy nou 'n *Swifty* of 'n *EDM*-aanhanger, 'n Druppel of 'n matrikulant is … Hierdie genre is … skoolgeluide.

**Die skoolklok - Hoërskool Waterkloof**

'n Abstrakte aanpassing van die oorspronklike skoolklok. Hierdie geluid klink effens soos 'n alarm en ontlok 'n verskeidenheid emosies by die Klofies. Byvoorbeeld: tydelike verligting wanneer jy dit voor pouse hoor, en vrees wanneer jy besef dat jy jou transaksionele teks in Afrikaans slegs halfpad voltooi het. Hierdie is 'n *classic* by Hoërskool Waterkloof. Dit is so gewild dat daar besluit is dat dit apart vir Kloof se juniors en seniors gespeel moet word.

**Bouery - skoolsaal**

Hierdie geluid is in 2024 vrygestel en dit het vinnig 'n treffer in die K-klasse geword. *Bouery* bestaan uit boor-, breek- en kapgeluide wat saam 'n pragtige harmonie van industrialisasie skep. Die Klofies wat van die *metal*-genre hou, behoort aanklank by hierdie geluide te vind.

**Motors - onderwysers**

Die gedreun van 'n motor op jou hakke, 'n bekende geluid, veral soggens. Hierdie geluid inspireer 'n verskeidenheid van danspassies, soos die "kyk om en hardloop" en die meer elegante "*moonwalk* uit die pad uit". Mense wat van die *Gothic of Angst*-genre hou, behoort hierdie geluid te geniet.

**Mike - Die vierkant-seunskoor**

Hierdie geluid bestaan uit die gesamentlike stemme van *Die vierkant-seunskoor*. Mike, hul mees bekende geluid bestaan uit slegs een woord. Die herhaling van die woord plaas klem op die letterlike en figuurlike aspekte van die boodskap wat hulle probeer oordra. Hierdie is 'n Waterkloof-treffer, gewild veral onder die manlike spesie van Kloof.

Gaan luister sommer vandag nog na die 2024 *Ultimate Kwartaal 1 Geluide Somer Super Remix Mashup*, om die skoolgeluide in die gemak van jou sitkamer te geniet.




# TV-resensie

Nicolas du Plooy en Simoné de Leeuw

## *Op My Eish - Brendan soek liefde*

Brendan Peyper is op soek na sy lewensmaat en sleep kykers saam om dié persoon te vind. Ons hoor Brendan se vroulief móét huisvroustatus beklee. Indien sy nie aan dié kriterium voldoen nie, wil mnr. Peyper haar nie soen nie. 16 dames met gelaaide tasse, maak hulle opwagting by die "uitdunrondte". Die een ding wat baie van hulle gemeen het, is kort blonde haartjies (Brendan se gunsteling). Brendan moet nou twaalf meisies kies en voor jy kan sê: "*Eish*," stuur hy vier terug huis toe.

Na die bussie en waentjie in episode twee uiteindelik op die plaas naby Fouriesburg arriveer, kan die dames hulle verblyf vir die volgende maand of twee inspekteer. Van die deelnemers se opmerkings was effens sarkasties:

"Dis so *cute*?"

"Kyk die oopplan badkamer."

Tydens die formele aandfunksie dra Brendan 'n stylvolle pak en die dames pronk in pragtige aanddrag. Die kameras het skaars begin rol en daar is klaar groepies wat gevorm word, naamlik die ou-tannie-groepie en die jonger, jeugdige groepie. Die ou tannies (jy val in dié kategorie as jy tussen die ouderdom 24 en 28 is) is volwasse. kykNET het die kykers darem al vir die "drama" voorberei met ander reekse soos *The Real Housewives*. Die tannies van Huis Herfsblaar is darem verlig oor die nuus dat Brendan (Simson) die bokstert-lok-gedoente gaan sny. Janea (een van die deelnemers) erken dat sy op die rype ouderdom van 22 gereed is om nes te skrop én eiers te lê.

Terwyl Brendan so langs die kampvuur tussen die dames sit, is dit moeilik om agter te kom of Brendan rooi in die gesig is as gevolg van die vuur, of as gevolg van die "kort blonde haartjies" wat langs hom sit.

Episode drie is propvol aksie. Janae sê dat hulle afsprakie so 'n bietjie soos 'n werksonderhoud voel. Sy gebruik toe sommer die geleentheid om haar *Die Kontrak*-oudisie af te lê, met haar unieke weergawe van Brendan se *Trouvrou*. Sy kry toe ook nie net 'n piksoentjie nie, nee-nee! Inderdaad die eerste soen van die seiSOEN. Jané dink weer sy is die laerskool dissiplinehoof en wil graag weet wie die omstrede briefies geskryf het #klaskaptein. En na sy erken dat sy nie van oppervlakkige gesprekke hou nie, maak sy weer 'n grappie wat droër as die Namib is. Voor jy jou oë uitvee, word dié kranige visvanger gevra om vir haar ander waters te soek. Die dramalessies van die laerskool kom handig te pas toe die oorblywende meisies lang trane huil oor dié wat huis toe gestuur is en hulle hartverskeurende reaksie word duidelik op kamera vasgevang.


Brendan se ouma speel in episode vier *matchmaker* en sy kies natuurlik twee dames met kort blonde haartjies! En nes Luzaan amper haar ringvinger gereed kry, soengroet Brendan haar #Liefde-groete! Is dit net ek, of het Brendan een ekstra hempsknopie vir hom en Rachelle se alleentyd losgemaak? Die twee giggel soos twee graad eentjies in die snoepiery tydens die ontmoeting. Tog, *stop, wag en bly hy 'n bietjie* by Rachelle met die gesoenery.

Episode vyf skop met 'n perdry-avontuur af. Die opwinding was groot toe Christine se perd, Brendan se perd disnis skop en die perd met haar toekomstige man weghardloop! Katja en Brendan koer onder die wilgerboom en dan mis hy amper sy konsert as gevolg van nog 'n onbeplande soensessie met Rachelle (dame nommer drie vir die dag). Nederige Christine het moontlik 'n glasbal, want sy kan voortydig sien wie huis toe gestuur gaan word.

Nuwe danspassies word in episode ses geleer, maar al wat Brendan wil hê, is dat hulle "'n Toer om die vloer met 'n boer", moet vat. Sy afspraak met Runet vat 'n skewe draai toe Brendan 'n hele garnaal, kop en al, in sy mond prop! Met 'n interessante visvangsessie, word daar liefde op die dam gekweek, maar daar word ook harte gebreek.

Vir iemand met hoogtevrees, was Brendan se voete heeltemal te veel van die grond af in episode sewe. Is dit as gevolg van die aktiwiteite, of van Katja? Chaunte is vreeslik opgewonde oor alleentyd saam met Brendan, maar in plaas daarvan om 'n verhouding met hom te bou, kyk sy hoeveel van die meisies sy onder die bus kan gooi. In episode agt deel almal hulle geheime talente met Brendan. Daarna word drie meisies op 'n jagekspedisie genooi. Hiér, het drie meisies 'n kolskoot na 'n teiken geskiet, maar as dit by Brendan kom, dan skiet die meisies nog mis!



Dié realiteitsreeks word beslis aanbeveel. Dis definitief 'n lekker pouse-onderwerp om oor te gesels. Die program verdien 'n volle 8/10.






*Mnr. en Mej. Waterkloof*
*- Fotograaf: Carla van Staden -*

# Valentynsbal 2024















***Valentynsbal***
*- Fotograwe: Elmar Smit, Dané Naudé -*

# Die langtermyneffek van skooltasse op leerders se rûe

Lize Erasmus, Kayla Strydom, Riané Muller, Simoné de Leeuw

Daar is groot kommer oor die swaar las wat skooltasse op leerders se gesondheid plaas. Skole en regerings meng al hoe meer in om die kwessie aan te spreek.

Volgens 'n artikel op Netwerk24 behoort die Suid-Afrikaanse Departement van Basiese Onderwys 'n regulasie in te stel, dat leerders nie skooltasse wat meer as 10% van hulle liggaamsgewig oorskry, mag dra nie. So 'n regulasie is reeds deur die Indiese deelstaat Maharashtra ingestel.

**Hoe kan skole hierdie kwessie aanspreek?**

Kloof is aktief besig om die "bultende" tas by die horings te pak en sluitkassies te voorsien aan leerders, waar hulle hul boeke kan bêre. Die skool verskaf ook oulike rugsakke wat leerders kan aanskaf.

Nog maniere wat skole verligting kan bied, is deur leerders aan te moedig om net die skoolboeke en skryfbehoeftes wat hulle vir dié dag benodig, saam te bring. Onderwysers kan leerders help om te beplan deur vooraf te sê watter boeke gebruik gaan word. Skole kan leerders inlig oor die gevare van swaar skooltasse en hoe om die druk en spanning op hul liggame te verlig. Nog 'n manier om die hoeveelheid boeke wat leerders ronddra te verminder, is om minder periodes per dag te hê.

Sommige oorsese skole het spesifieke programme geïmplementeer om die gewig van skooltasse te verminder. Daar is byvoorbeeld 'n "een boek per dag"-beleid ingestel, wat vereis dat leerders elke dag net een boek skool toe bring. Ander skole het 'n "rollende rugsak"-beleid geïmplementeer, wat leerders toelaat om hul rugsakke oornag by die skool te los en dit die volgende oggend terug te kry. Dit is noodsaaklik om met die bewusmaking aan te hou. Die impak wat skooltasse op leerders se welstand het, is groot. Regulasies moet dringend aandag geniet en deur die Departement van Basiese Onderwys ingestel word.

Deesdae voel ons letterlik die las van die skool op ons skouers as gevolg van al die boeke in ons rugsakke. Enigiemand kan net dink dat kilogramme en kilogramme boeke 'n las op jou liggaam sal plaas, veral op jou rug.

Natuurlik kan jy nie ons woord daarvoor vat dat jou skooltas te swaar is nie, maar jy kan wel vir dr. Ruan Goller van *Life Healthcare*-hospitaal en Waterkloof se eie fisioterapeute, Tania le Roux en Dominique de Jager, glo.

**Onderhoud met dr. Ruan Goller**

**Vir watter simptome moet leerders op die uitkyk wees, wat kan aandui dat hulle skooltasse te swaar is?**
'n Veranderende sensasie in jou bene en 'n pyn wat in jou bene afskiet. Wees ook op die uitkyk vir gewone rugpyn.

**Mense stel tablette in die plek van boeke voor. Dink dokter dat tablette ook ernstige nagevolge kan inhou?**
Ja, want vandag se kinders is reeds permanent op hulle selfone, dus sal 'n skooldag met tablette afhanklikheid van tegnologie verhoog.

**Onderhoud met Tania le Roux en Dominique de Jager - die fisioterapeute**

**Het julle al kinders gehad wat julle kom sien as gevolg van die swaar rugsakke wat hulle moet dra?**
Ja, in 'n jaar is daar ongeveer vier leerders wat hiermee sukkel.

**Watter spiere word in 'n skolier se rug geaffekteer wanneer hy/sy 'n swaar rugsak moet dra?**
Spiere in jou lae rug, laerugstabiliseerders, heuprefleksors, maagspiere (die een kant word sterker as die ander kant.) Dit veroorsaak ook nekprobleme, veral hiperretensie van die nek.

**Hoe kan ek my tas pak om die las te verlig?**
Eerstens moet jy jouself vergewis van die tekens van rugpyn.


Is jou nek styf, klap jou rugwerwels, het jy rooi skaafmerke oor jou skouers, is jou postuur swak? Dit is alles tekens van 'n tas wat te swaar is. Om die pyn en lyding te verlig, doen die volgende:


- Gebruik 'n rugsak met verstelbare bande en verskillende kompartemente.
- Om die gewig eweredig te versprei, moet jy die swaarste items onder en in die middel van jou rugsak pak.
- Gebruik 'n badkamerskaal om seker te maak dat jou rugsak nie meer as 10-20% van jou liggaamsgewig weeg nie, so as jy 70kg weeg behoort jou skooltas nie meer as 7-14kg te weeg nie.
- As jou skooltas meer as 20% van jou liggaamsgewig weeg, moet jy nie van jou boeke in 'n ander sak pak en dit so saamdra nie. Kry 'n sluitkassie vir jou boeke en los alle onnodige boeke by die huis.

**My rug pyn, wat moet ek doen?**
Wanneer jou rug pyn, is dit normaal om te gaan lê of sit, maar die beste manier om van die pyn ontslae te raak, is deur oefening. Oefening wat jou lae rug teiken, sal jou pyn verlig, jou maagspiere versterk, jou postuur verbeter en jou ruggraat ondersteun.

Die beste oefeninge wat jy kan doen om jou rugpyn te verlig, is die volgende:

- *Knee-to chest stretch*
- *Lower back rotational stretch*
- *Lower back flexibility exercise*
- *Bridge exercise*
- *Cat Stretch*
- *Seated lower back rotational stretch*
- *Shoulder blaze squeeze*









**Sal die gebruik van tablette die probleem oplos?**

**Voordele van tablette**
- Tegnologie verbeter elke dag. Deur kinders van 'n vroeë ouderdom af te leer hoe om met tegnologie te werk, verkry hulle 'n voorsprong in die toekoms.
- Tasse sal aansienlik ligter wees, aangesien die handboeke op die tablette gelaai kan word en al die skriftelike werk kan ook daarop gedoen word. So sal papier gespaar word.

**Nadele van tablette**
- Die meeste tegnologie word met rus of met speeltyd geassosieer. Kinders vind dit moeilik om gefokus te bly terwyl hulle op 'n tablet moet leer.
- Tegnologiese toestelle moet dikwels aan die *Wifi* gekoppel wees om te kan werk. Soms is daar probleme wat veroorsaak dat die *Wifi* nie werk nie, en dit kan veroorsaak dat daar nie produktief in klaskamers gewerk kan word nie.

**Gevolgtrekking van beide medici:**
Albei partye in die mediese veld voel eenders oor die volgende:

Kinders moet meer van sluitkassies gebruik maak, rugsakke moet oor twee skouers gedra word, die bandjies moet kort wees sodat die tas in die middel van die rug sit.

Die regering moet maatreëls instel dat kinders 'n rugsak dra wat minder as 15% van hulle liggaamsmassa weeg.

**Bibliografie:**
- *Back exercises in 15 minutes a day (2023) Mayo Clinic. Available at: https://www.mayoclinic.org/healthy-lifestyle/adult-health/in-depth/back-pain/art-20546859 (Accessed: 26 February 2024).*
- *Dwyer, M. (2023) 4 ways to help your student avoid back pain from heavy backpacks, Healthier, Happy Lives Blog. Available at: https://healthier.stanfordchildrens.org/en/prevent-back-pain-from-backpacks/amp/ (Accessed: 26 February 2024).*
- *Dani, V. (2024) Tablets vs. print textbooks: What is a better for K12 education, Kitaboo. Available at: https://kitaboo.com/should-tablets-replace-textbooks-in-k12-schools/#:~:text=Tablets%20Save%20the%20Environment%20and%20Money&text=If%20all%20schools%20switched%20to,be%20more%20interactive%20via%20tablets. (Accessed: 26 February 2024).*
- *https://baycare.org/wellness-resources/kids/lighten-the-load-health-effects-of-heavy-schoolbags#:~:text=Carrying%20a%20heavy%20load%20can,making%20it%20easier%20to%20fall*

# 'n Boer maak 'n plan, maar 'n Klofie maak 19

Lize Erasmus

Hoërskool Waterkloof spog reeds baie lank met 'n wye verskeidenheid en 'n allemintige hoeveelheid vakke waaruit die leerders kan kies. Die Klofies het vanaf 2023 nie meer slegs 18 vakke om van te kies nie, maar sommer 19! Hoërskool Waterkloof is die eerste skool in Pretoria wat nou ook Landboutegnologie as vak vir graad 10- tot graad 12-leerders aanbied. Met hierdie vak word die geleentheid geskep om leerders toe te rus met die nodige vaardighede wat hulle in staat sal stel om tegniese prosesse toe te pas om praktiese projekte te kan ontwerp en te bestuur. Daar word geleer hoe om toerusting te herstel en te onderhou, asook om strukture in die landbou-omgewing te bou en te ontwerp. Vaardighede wat deur hierdie vak ontwikkel kan word, wat onder andere probleemidentifisering- en oplossingsvaardighede, basiese operasionele kennis oor die landboubedryf en effektiewe kommunikasievaardighede insluit, is nie net landbougeoriënteerd nie, maar dit kan in enige tegniese omgewing toegepas word. Graad 11-leerders, Nikha Lambden (vaktoppresteerder), Genevieve Malherbe en Pieter Bezuidenhout, is deel van die eerste groep leerders wat Landboutegnologie as vak neem.

**Wat behels die vak Landboutegnologie?**

**Nikha:** Landboutegnologie is 'n vak waarin 'n mens leer oor verskillende landboutoerusting en hoe om dit te gebruik. Dit is veral voordelig vir jou toekoms omdat jy leer hoe om probleme te identifiseer en dan daaraan te werk om oplossings daarvoor te vind. Die vak het 'n groot praktiese komponent en is oor die algemeen net vet pret!

**Is Landboutegnologie meer teoreties of prakties gedrewe?**

**Pieter:** Ek dink nie die vak kan in twee geskeur word en as meer prakties of meer teoreties beskou word nie, want die teorie wat behandel word, word gebruik om ons *PAT's* en praktiese opdragte te voltooi.

**Watter onderwerpe het julle in graad 10 behandel?**

**Genevieve:** In graad 10 het ons veiligheidsreëls in en om die plaas behandel asook hoe om met sekere gereedskap te werk. Ons het oor enjins, elektrisiteit en sekere elektriese toebehore geleer. Konstruksie het ook deel van die teorie gevorm, asook landboumasjinerie en hoe dit gebruik moet word.

**Wat het julle praktiese take behels?**

**Nikha:** Ons eerste praktiese taak het die vervaardiging van 'n verlengingskoord vereis. In die proses het ons oor verskillende drade geleer en hoe om te soldeer. Ons grootste praktiese taak het egter die bou van 'n vuurpylstoof behels. Ons het geleer hoe om die korrekte afmetings te maak, hoeke te meet en hoe om te sweis. Dit het beslis ons kreatiewe denke ook verbeter!

**Wat is jou gunstelingaspek van die vak?**

**Pieter:** Beslis al die kere wat ons met die diere gewerk het, soos by die opedae, en ook ons jaarlikse besoek aan die Nampo-oesfees.

**Waarom het jy Landboutegnologie as vak gekies?**

**Genevieve:** Ek glo dat 'n mens leer hoe om met jou hande te werk en probleme op te los. Hierdie vak leer 'n mens hoe om selfstandig te wees en enige iets te kan doen waar jy jou hande moet gebruik.



*Landboutegnologie*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# Klofies is regtig wêreldklas met hulle expo's

## Asem in, asem uit. Wat is jou longfunksie?

**Dieter Stehle**

Fluitbors of kortasem? Het jy al gewonder hoe jou longe se kapasiteit, met mense wat meer of minder as jy oefen, vergelyk? Lara Fourie gee haar antwoord op die vraag.



*Lana Fourie*
- Foto verskaf -

**Wat is die onderwerp van jou expo?**

Die gemiddelde skatting van die longfunksie deur middel van piek-eksperatoriese vloei van tieners wat verskillende sportsoorte of geen sport beoefen nie.

**Hoe het jy op die konsep besluit?**

Nadat my sussie Covid gehad het, wou ek weet watter impak het haar longfunksie, wat afgeneem het, op haar sportprestasie.

**Watter toekenning het jy verwerf?**

Goud by Noord-Gauteng en silwer by die SA's.

**Watter raad het jy vir toekomstige leerders wat aan die expo wil deelneem?**

Doen iets waarin jy regtig belangstel en as jy verder wil gaan (soos die SA's) doen dit van die begin af in Engels.

**Wat is een ding wat jy nooit van die expo sal vergeet nie?**

Die orkesleerders se reaksie toe hulle uitvind dat hulle 'n beter longfunksie het as swemmers, hokkiespelers, netbalspelers en landlopers.

**Sal jy weer aan die expo deelneem?**

Ja, want ek het nog 'n paar vrae waarop ek antwoorde soek.

## Sosiale media *influencers* plaas druk op tieners

**Dieter Stehle**

Nina van Wyk se taak het gehandel oor hoe tieners beïnvloed word deur die mense na wie hulle op sosiale media luister en kyk.



*Nina van Wyk*
- Foto verskaf -

**Wat was die onderwerp vir jou expo?**

*#undertheinfluence*

What is the effect of social media on the consumer behaviour of South African teenagers?

**Hoe het jy die idee vir die onderwerp gekry?**

My broer het 'n toespraak oor die effek gedoen, maar kon nie inligting kry binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Dit is waar ek die idee gekry het om navorsing te doen wat hierdie tekort aan inligting sou aanspreek.

**Watter prys het jy verwerf?**

By die Noord-Gauteng Wetenskap Expo het ek 'n goud verwerf. Ek was ook die Sosiale en Sielkundige Wetenskappe-kategoriewenner. Daarna het ek Noord-Gauteng by die Nasionale Wetenskap Expo, SAYESS, verteenwoordig waar ek weereens goud verwerf het. Ek is toe as een van vyf leerders gekies om Suid-Afrika by die Expo-Sciences Europe in Sarajevo te verteenwoordig.

**Wat wil jy met jou expo bereik?**

Ek wil 'n bewusmakingsveldtog loots oor die invloed van sosiale media op Suid-Afrikaanse tieners. Dit is groter as wat mense besef.

**Hoe het jy genoeg tyd vir die expo gemaak?**

'n Mens het nooit genoeg tyd nie, dit val maar net eendag alles skielik in plek met 'n bietjie hulp van 'n paar deurnagsessies.

## Inebelle wen goud in Barcelona

**Mila Gous**

Inebelle Swart se pryswenner-expo is omtrent 'n prentjie uit *A Bug's Life* waar duisende miersoldate in pelotonne marsjeer. In hierdie storie beskerm die Matabele-miere mense se huise in die Laeveld, teen termiete. En hulle wapen? Feromone.



*Inebelle Swart*
- Foto verskaf -

Vir dié navorsing het Inebelle 'n tweede plek by die SAYYES-expo in Durban behaal en neem gedurende Maart in Barcelona, Spanje, deel waar sy 'n 1ste plek in die internasionale kategorie by die MAGMA Exporecerca Jove verower. Sy kry ook spesiale vermelding van die *US Agency for International Development* vir uitstaande en innoverende wetenskap.

Die Klofiekan het 'n paar vrae aan dié jong wetenskaplike gestel:

**Wat is die hipotese van jou expo?**

Ek wou kyk of ons die Matabele-miere se feromone en reukvermoë kan gebruik om stroperbendes (miere) na 'n termietplaag toe te lok en dat dit dan as 'n ekovriendelike plaagbeheerder dien.

**Jy het al vanaf gr. 5 oor dieselfde tema expo gedoen. Hoe het jy oorspronklik aan die idee gekom?**

Ons het 'n huis in die Laeveld wat grootliks deur termiete geaffekteer word. Toe ons op 'n keer 'n piekniek daar gehou het, het ek 'n verskriklike sisgeluid gehoor en op die miere afgekom. Later het ek verdere navorsing oor die miere gedoen.

**Is hierdie 'n veld waarin jy belangstel?**

Ja, nou nie spesifiek die insekteafdeling nie, maar ek is mal daaroor om die chemiese deel daarvan, met feromone, te doen. Ek wil graag Biochemie gaan studeer.

**Wat is een van die interessante dinge wat jy uit jou expo geleer het?**

Die pad wat die Matabele-miere na die neste toe loop, is 'n een en 'n half meter lange kolom wat 10 cm breed is. Hulle loop ook met presies dieselfde pad terug.

**Wat behoort ons almal van Matabele-miere te weet?**

Die mier is 'n belangrike deel van ons ekosisteem. As Matabele-miere uitsterf, is dit baie gevaarlik vir die infrastruktuur van mense se huise in die Laeveld en sal die termiete oorneem.

**Wat is jou belangstellings en stokperdjies, buiten expo?**

Musiek is my lewe en ek speel tjello in die orkes. Ek is ook besig om te leer om die fagot te speel en ek speel ook hokkie. Ek glo in 'n musiek-sport-balans.

# Parnassus: waar klanke melodieë vorm

Mia van der Walt

Die stilte is by die Klofie-orkes se jaarlikse Parnassus-kamp op 22 tot 25 Februarie verbreek. 49 Klofies, elkeen met 'n passie vir musiek, het hul instrumente ingestem, van die buitewêreld vergeet en vir dié naweek gefokus op musiek en samesyn ter voorbereiding vir die jaar se besige orkeskalender.

Die kamp is met bergklim afgeskop sodat die orkeslede die kampterrein van bo af kon bewonder. Behalwe daarvoor, het hulle ook hul eerste begrafnis op die berg gehad: die begrafnis van 'n klip. Daarna het die orkeslede se eerste oefensessie afgeskop waartydens hulle nuwe musiek aangeleer het. Gelukkig was dit nie begrafnismusiek vir die klip nie, dit was 'n samestelling van 14 bekende televisietemaliedjies wat die dirigent, dr. Eddie Clayton, verwerk het: *Memorable TV Themes*. Die stuk het baie ingewikkeld gelyk toe die bladmusiek uitgedeel is, maar die Klofie-orkes skrik nie vir "ingewikkeld" nie en kort voor lank het hulle die stuk onder die knie gehad.

Twee hoogtepunte van die kamp was die hindernisbaan en die potjiekoskompetisie.



*Bergklim is die eerste sosiale aktiwiteit*
- Fotograaf: Matthys Greeff -

Die orkes het in vier groepe verdeel. Elke groep het 'n tema gehad waarvolgens hulle voorgereg, hoofgereg, nagereg en vermaak moes voorberei. Almal het dit geniet om saam te sukkel, saam te werk en saam te lag, en so is nuwe vriendskappe gevorm.

Abby Moolman, die orkeshoofleier, sê: "Die orkeslede is teen die einde van die kamp soos een groot familie, almal ken mekaar en almal gee vir mekaar om."

Op die laaste dag is daar 'n konsert vir die ouers gehou sodat hulle kon sien wat die orkes gedurende die naweek vermag het. Aan die einde van die konsert het die orkeslede elk 'n bynaam van die orkesleiers gekry en die beste junior en senior orkeslede is aangewys. Die beste junior was Jayden Olivier, die nuwe dromspeler, en die beste senior was Inebelle Swart - sy speel die tjello.

Die kamp het vir almal emosioneel geëindig toe die matrieks en juf. Jo, die "orkesmamma" wat hierdie jaar aftree, die kampterrein vir oulaas gegroet het. Die orkeslede is huis toe met lewenslange vriendskappe en kosbare herinneringe.

# ‘n Pretdag om te onthou

Mia Appelcryn

‘n Vreugdevolle, sonskyndag saam met sonstraalmense – die perfekte beskrywing vir Lewensverryking se pretdag saam met die leerders en personeel van Marthie de Bruin Akademie.

Die skool vir leerders met spesiale behoeftes is in die ooste van Pretoria gevestig waar hulle hoof, me. M. de Bruin, hul storie in 2002 begin skryf het. Die skool is gefokus op onderrig wat die leerders vir die buitewêreld voorberei. Die passievolle personeel rus elke leerder, van graad 1–12, toe met die nodige selfvertroue om al hulle drome te kan nastreef.

Kloof se Lewensverrykingskomitee het op 13 Maart ‘n bietjie by hulle gaan kuier en ‘n dag, gevul met pret en plesier, met die leerders gedeel. Die leerders was so opgewonde en hulle het ons Klofies met helder glimlagte verwelkom. Die dag het met ‘n vinnige kenmekaarsessie afgeskop en daarna het almal in kleiner groepies verdeel en die pret het begin!

Met kleurvolle, kreatiewe vingers het die leerders die Klofies met pragtige vingerverfkuns betower. Hulle het ‘n banier met elkeen se handafdruk en naam daarby, versier en vir ons gegee om vir altyd te koester. In die kombuis was daar ‘n gewoel en gewerskaf, terwyl almal saam gebak-en-brou en heerlike *s’mores* met sjokolade en karamel gemaak het. Op die *putt-putt-* en tennisbane het die leerders ons Klofies uitgedaag en ons gewys wie baas is, en na ‘n paar rondtes van *touchers* en wegkruipertjie was almal boeglam en uitgeput.

Dié dag was ‘n reusesukses. Die leerders van Marthie de Bruin Akademie het ‘n spesiale plek in die Klofie-harte gegrawe en dit was beslis ‘n ervaring wat ons vir lank met vreugde sal onthou.



*Lewensverrykingskomitee*
- Fotograaf: Elizmari Rootman -



*Lewensverrykingskomitee*
- Fotograaf: Laureanne Geertsema -

# Het jy geweet?
# Kry vir Appel onder die boom

Kayla Borstlap

Sê vir ‘n Druppel: “Ek kry jou by Appel se boom,” en hy kyk jou met vraagtekens in sy oë aan. Vinnig sal hy besef dat dié spreektaal deel is van die Klofie-klets wat daagliks in die Klofie-gange rondgaan. Ons Klofies ontmoet so gereeld onder die boom voor A5, maar wie was Reghardt Appel, en van waar die term Appel-se-boom?




“Hy was nie net ‘n *tall, dark and handsome* prins nie, maar sy uitnemende persoonlikheid het almal aangetrek. Hy was vriende met almal: die randeiers, die rugbyspelers, die droogmakers en die slimkoppe (waarvan hy self een was).” Só onthou juf. Lynette Seegers hierdie merkwaardige onderhoofseun (Akademie) van 2006 wat sy amp met nederige diensbaarheid, opoffering, toewyding en styl beklee het.

Juf. Ulinda Human onthou hom as ‘n “boontjierank-seun” wat later ongemaklik lank vir die skoolbanke was. Hy was nederig en beskeie met die skerpste sin vir humor. Wat sy die meeste van Reghardt onthou, was dat hy altyd laaste in die Engelsklas ingestap en skertsenderwys gesê het: *“Age before beauty”*.

Reghardt Appel is in sy matriekjaar op 23 Junie 2006 in ‘n motorongeluk oorlede. Klofie-harte was stukkend en die wat by die begrafnis was, onthou hoe al die matrieks sy kis met hulle wit *pullovers* toegepak het.


Die Klofieraad het altyd ‘n plek gesoek om pouse vinnig te vergader. ‘n Rukkie voor sy afsterwe het ‘n grappige insident hom by Kloof afgespeel nadat die onderhoofmeisie ‘n vergadering byeengeroep het. Sy het die leerders van die Akademiese komitee gevra om vir Appel onder die boom te ontmoet. Só, is daar later na Appel se boom verwys, ongeag die vergadering of byeenkoms.

Na Reghardt se dood het die boom en bankie ‘n spesiale betekenis gekry en so is Reghardt se nagedagtenis met Appel se boom verewig. Die Appel-familie het na sy afsterwe ‘n sementbankie en tafel, asook ‘n plaatjie ter ere aan hom opgerig.

Die bankie by Appel se boom is ter herinnering aan ‘n wonderlike Klofie wat heeltemal te vroeg uit Kloof geruk is.

Reghardt bly ‘n rolmodel vir elke Klofie. Soos die boom sy takke uitsprei en koelte gee, simboliseer dit nederigheid, geloof en vriendskap en ons onthou vir Reghardt . . .’n lang jongman, ‘n vriendelike jongman en ‘n nederige, omgeemens. ‘n Sagmoedige reus wat vandag nog in Kloof se gange en harte voortleef.


Met spesiale erkenning aan:
Juf. Ulinda Human, juf. Lynette Seegers, me. Michelle Clark.



*Reghardt Appel*
- Foto verskaf -



*Appel se boom*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -



# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Jack Brevis, Lara Myburgh, Emma Büchner, Matthys Greeff, Limé van der Nest, Tanica Stroebel, Daniek van der Westhuizen, Keaan Kempen, Dané Naudé, Carla van Staden, Marlette Krüger*






























# Woordspeletjie

Anja Maranta en Mia van der Walt

Stuur 'n foto van die blokraai aan juf. Retha Hofmeyr op *Teams*.


**Sluitingsdatum: Woensdag 10 April 2024**

**Af:**

1. Waarmee boer Mnr. Fanus in sy vrye tyd?
3. Wie se bynaam is *asparagus*?
4. Watter taal wil Juf. Michelle Naudé leer praat?
8. 'n Romeinse fees.
9. Voltooi: Jabu is die skool se …
10. …was die algehele wenner in die Suidelike Halfrond in 2021
12. Wat is die Blitzblikke eintlik?
13. Wat van Jani en Kayla is baie dieselfde?
15. Hoeveel vakke is daar vanaf 2023 by Kloof om van te kies?

**Dwars:**

2. Kloof se soldate dink dat dit hoogtyd is vir Kloof om wat te kry?
5. Voltooi: Sukses is 'n …
6. Wat is "eintlik 'n uitstekende geleentheid om die seuns weer te herinner wie regtig baas is"?
7. Wat het E-sport spelers nie net nie?
11. Voltooi: "*Let's start from the corner,* …"
14. Wat het Lendrey se blikkie getref?
16. Suid-Afrika se beste skoolkoerant.
17. Voltooi: "Doen alles met … en geniet dit!"
18. Wat is oor die algemeen net "vet pret"?



**Staan 'n kans om R500 te wen!**

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Dian Roux



## SOEK VIR POULIE

Vind die agt versteekte blou poue ook bekend as: Poulie

# Meng-en-pas-speletjie

Michaela Smith

Watter geesstok pas by watter matriek?







# Tong-in-die-Kies

Nicolas du Plooy en Krige Steyn

Die 2024-skooljaar skop af met 'n lieflike pawiljoenopening, maar die jaar is so deurmekaar soos die skool se *Wifi* as jy durf om 'n dokument op Teams oop te maak. Nadat al die Klofies aan kersetes weggelê het, is dit 'n wonderwerk dat die pawiljoen, wat miskien nie die eksponensiële groei van die skool kan hanteer nie, nie die gees gegee het nie.

Enigiemand wat graad 8-Tegnologie agter sy naam het, weet van triangulasie en dat iets nie heeltemal lekker met die pawiljoen is nie, veral as jy gedurende geesvang in die badkamers is. As dit egter nie vir ons pawiljoen was nie, sou ons nie vanjaar 'n Druppel-konsert gehad het nie.

Die interhuis het vanjaar soos stroop geloop, alhoewel ek seker is dat ek dieselfde persoon vier keer met 'n ander kleur hemp gesien het! Almal word weer toegegooi met huiswerk en boeke-oortrek. Dit sit beslis die *worry* in *Janu-worry*.

Voor jy kan sê: "Februarie" is die aankondiging oor die junior en senior pouse gemaak, en dit het die leerders (en die onnies) in rep en roer gehad. Val-in-tuinsdag was op dieselfde vlak as graad 8-kaperjolle, en as ons nog een keer moet hoor: "Dis nie hoe jy VAL nie, dis hoe jy…" sal ons almal Pritt begin snuif. (Figuurlik bedoel.)

Die Klofiekan-redaksie moet soos altyd versigtig wees wie as die *cute couple* gekies word, aangesien hoërskoolverhoudings deesdae so onstabiel soos die K-blok se boonste verdieping is. Ons mooi blou skool kondig ook die grootste algemenekenniskompetisie van 2024 aan: departementele toetse. Onthou Klofies, wanneer dit kom by departementele toetse, vergeet alles wat jy geleer het, dit sal nie getoets word nie. (Onthou: "Dis hoe dit in matriek gevra word.")

Nes jy dink dit raak eentonig by Kloof, kry ons 'n lieflike (sonnige) kolletjie by die interhoër! Elkeen kry 'n Waterkloof-petjie, soos mnr. Manie sal sê. Met flaters en al, is ons steeds dankbaar vir ons hoedjies; dit het vir seker 'n indruk gemaak. Daar was water en sonroom beskikbaar, maar miskien moes die skool ook vir elkeen 'n bottel reukweerder gee, veral omdat ons soos gaar hoenders in die son moes bak. *#genoegvitamienDvir'ndekade.* Na die vlugtige breek, het Kloof 'n bietjie gesloer om weer ons plek op die sonnige heuweltjie in te neem: WA-terkloof WA is julle? Ons Mary Poppins-dames in blou, sit al te pragtig met hulle helderpienk sambrele, terwyl hulle die enigste skool is wat onder die pawiljoen se dak sit…

Ons sal graag wil weet wie die dagprogram uitwerk, want dié persoon moet sommer 'n verhoging en 'n Kersfeesbonus kry. Die dagprogram is so wisselvallig soos die Kaapse weer! Ons kan darem die slapies aftel vir wanneer ons die vierkant sal groet en die saal, askuus, die ouditorium, gaan gebruik. Ja, NS bou 'n saal.

Iets wat die Klofies op hul tone hou, is die verskeidenheid klanke. Eers is dit die "klik, klak, klik" van die plaveisel buite mnr. Mol se klas, dan is dit die trekker wat dink die Klofie-paaie is die N1. Volgende is dit die Druppels wat ons met hulle krete bekoor, terwyl ons Algebra skryf. En dan word 'n mens elke nou en dan met 'n nuwe geluid vanuit die ou saal verras – 'n geboor, 'n gesaag, 'n getuimel! Nog 'n voordeel van die saalbouery, is dat dit leerders ontmoedig om onnodig uit te teken. Die kantoor se ingang is nou 'n halfdag se reis te perd, en so kan leerders meer op hulle akademie fokus. As die lewe vir die Klofies suurlemoene gee, drup ons die sap terug in sy oë! Niks sal ons onderkry nie.

En so vlieg kwartaal een soos 'n straalvliegtuig verby, al probeer jy jou Wetenskap-punt vermy. Al moet jy die golf van die hoërskool tydens hooggety ry, met sneesdoekies en Pritt aan jou sy. Geniet elke oomblik Kloof, want in 'n oogwink is die jaar verby.

NS! Onthou tjomma, jy is 'n *champion*!

*Xoxo Flooze*



# Waterkloof-krieket is Wêreldklas

**Je-Miné de la Rey**

Kloof sit weereens die WK in WK deur te pronk met twee van ons krieketmanne wat gekies is om in internasionale o. 19-krieketspanne te speel.

Tristan Luus (gekies vir Suid-Afrika se o. 19-krieketspan) is 'n ware patriot met nie net 'n liefde vir sy sport nie, maar ook vir sy skool en sy land. Hy kan nie wag om die groen trui oor sy kop te trek en die kompetisie uit te boul nie! Hy het, vandat hy kan onthou, geweet dat daar nie vir hom 'n ander loopbaan as een op die krieketveld is nie. Mnr. Cobus Pienaar, sy afrigter, het volgens Tristan hom nie net as krieketspeler gevorm nie, maar ook as mens. Hierdie is beslis 'n jongman wat hom nie sommer vir 'n ses sal laat slaan nie!

Alexander Busing-Volschenk (gekies vir Namibië se o. 19-krieketspan) gaan terug na sy geboorteland om sy drome uit te leef. Alhoewel hy 'n trotse Klofie is, is hy 'n Namibiër in murg en been en is hy op 13-jarige ouderdom gekies om vir Namibië se o. 13-krieketspan te speel. Hy is egter nie net gekies om in die o. 19-span te speel nie, maar om sy span ook as kaptein na hoër hoogtes te lei! Alex tel in sesse en is reg om sy opponente stukkend te slaan – letterlik!

Tristan en Alex kan nie wag om mekaar die stryd, op internasionale bodem, aan te sê en die beste kompetisie - in egte sportmansgees - (as teenstanders) te bied nie. Kloof is baie trots op die prestasies van hierdie twee krieketmanne.



*Alexander Busing-Volschenk*
- Foto: Verskaf -



*Tristan Luus*
- Foto: Verskaf -

# Kloof se e-sport wag vir niemand nie

**Miné Naudé en Danielle van Niekerk**

Bring jy graag jou Vrydagaande voor jou rekenaarskerm deur, kontroles in die hand, intens besig om videospeletjies saam met jou vriende te speel? Het jy geweet dat jy dalk duisende rande kan wen, terwyl jy dit doen?

Dit is beslis nie 'n geheim dat die elektroniese era waarin ons ons vandag bevind, e-sport se gewildheid die hoogtes laat inskiet het nie. Die Klofies het nie op hulle laat wag om ook op hierdie gebied te presteer nie. Met slegs 'n eenmalige jaarlikse betaling en hulle eie toerusting, kan enige Klofie twee keer per week aanlyn inskakel en tuis hulle vingers vir 'n oefensessie inspan. Kom reën, wind of hael, sal jy die Klofie-*gamers* voor hulle *battlestations* vind, besig om allerlei slim strategieë uit te dink om as oorwinnaars uit hul virtuele stryd te tree.

In 2022 het Waterkloof se *Overwatch* 2-span as wenners by die *Rage Gaming Festival* uitgestap. Een van Kloof se eerste e-sportspanspelers, Hendré de Kock, is tydens die 2021 *Rocket League*-toernooi as die algehele wenner van die Suidelike Halfrond aangewys.

2023 was veral 'n jaar van goud vir Kloof se e-sportspan. Hulle is in 2023 weer as die nasionale wenners in die *Telkom VS Gaming*-toernooi in beide die *Rocket League*-afdeling, asook die *Counter Strike Global Offensive*-afdeling aangewys. Die toernooi het van Februarie tot September plaasgevind, waar die spanne 'n reeks wedstryde teen ander skole gespeel het en met spoggerige punte in die finaal beland het. Dáár het die span 'n beste-uit-vyf-rondte gespeel en met 'n skatkis van R55 000 se prysgeld gespog. Die wenners van die *Rocket League*-afdeling is: Hendré de Kock, Heinrich Ebersohn en Darian Barnard. Die wenners van die *Counter Strike Global Offensive*-afdeling sluit André Bosch as kaptein in, ook Arnold Dippenaar, Reinardt Vermaak en Rosh Klopper.

E-sportspelers het nie net vinnige reflekse nie, maar die ratte in hul breine draai teen 'n topspoed terwyl hulle nuwe strategieë en metodes uitdink om bo-op die virtuele podium te spring. Die groot verskeidenheid speletjies waaraan hulle deelneem, bevorder hulle kognitiewe vaardighede en verbeter hul probleemoplossingsvermoëns. Dit klink veel beter as 'n vervelige ekstra wiskundeklas.

Vele beroepsmoontlikhede steek kop uit wanneer dit by e-sport kom. Die groeiende industrie skep 'n vrugbare nuwe mark vir enigiemand wat in *gaming*, tegniese vervaardiging, asook die ontwerp van nuwe speletjies en sagteware wat in die IT-industrie gebruik word, belangstel. Met kompetisies wat dikwels in die aande plaasvind, kry die Klofie-*gamers* dit reg om die optimale balans tussen skool en hulle sport te handhaaf. Spanspeletjies is populêr in die e-sportwêreld wat kommunikasievaardighede, spanwerk en besluitneming tussen spanlede bevorder.

Sedert e-sport se ontstaan in Hoërskool Waterkloof, kry die wêreld net nie die spelers se vure geblus nie. Revolusionêr, innoverend en toekomsgerig: Kloof se e-sport wag vir niemand nie.




*Klofie se E-sport*
- Foto: Verskaf -



# Blou tartan … blou hoedjies … blou Kloof

Jani Strydom



*Stian Coertze*
*- Foto: Kayley Wessels -*

Kloof-atletiek is aan die brand

Die bestes is gestuur van Klofie-land

Die naellopers haas oor die lyn

Terwyl die son fel skyn

'n Spies trek deur die lug

'n Hoogspringer land op sy rug

Die Klofies en dirigente dans

Het die ander skole ooit 'n kans?

Verspring, diskus en vele meer

Oorwinnaars keer op keer

Die hekkiesatlete vlieg verby

Om die atletiekbeker te gaan kry

Die langasems kom weer om die draai

Die blou, wit en geel lyk al te fraai

Die aflosspan is sterk soos 'n rots

Klofie-atlete julle laat ons straal van trots.

Die A-bond-interhoër het op 25 Februarie by Pilditch Stadion plaasgevind. Die Klofie-toeskouers, met hulle uitspattige geel en blou hoedjies het hierdie jaar in hulle massas by die atletiek opgedaag. Die dirigente, onder leiding van die hoofdirigente, Zayne Biewenga en Caitlin Sutherland, het gesorg dat die biesies (as gevolg van die Klofies se gees) bewe. Die leerders het sowaar bewys dat om gees te vang ook 'n sport kan wees met die sing van geesliedjies soos Balletjie-Balletjie en die *Klofie-call*. Die Klofie-atlete was gereed vir die belangrikste atletiekbyeenkoms nog en is deur Henning Gericke se vyf klippies van raad gemotiveer: *compassion, courage, can do attitude, cool & calm en crazy enjoy.*

Die Superinterhoër het op 28 Februarie plaasgevind waar ons vir 'n tweede keer kon bewys dat Kloof wêreldklas is. Die gees was ongelooflik. Die atlete formidabel. Die dag onvergeetlik.

Atletiekkapteine, Charné Venter en Wesley Badenhorst, het net goeie herinneringe van hul laaste interhoër.

Charné: "Die dag het met baie stres afgeskop, want ons wil presteer en niemand teleurstel nie, maar toe die dirigente net voor my wedloop uitgehardloop kom en die skool luidrugtig geesvang, het ek dadelik rustig geraak, want ek het geweet my skool staan agter my."

Wesley: "Die gees van die leerders was aansteeklik; dit het gelyk asof die Klofies regtig daar wou wees en ons ondersteun. Die kompetisie was moeilik, maar dit was ook goed om teen die topskole deel te neem en vir almal te wys wat in ons steek."

Atletiekmamma en afrigter, juf. Bonnie Joyce, is trots dat die Klofies Waterkloof-golwe gemaak het. Almal het as 'n span saamgestaan en mekaar ondersteun en die atletiek was 'n groot sukses!

By die A-bond-interhoër behaal Kloof 'n algehele tweede plek met 2254,5 punte en spog met allemintige prestasies: Kloof wen die trofee vir die beste seun- en dogterspronge. Zuan Smit, Happy Makate, Jason Houy, Hanno de Klerk, Ruben Louwrens, Ester Prinsloo, Heike de Klerk, Chrystabel Davis, Anri Rautenbach en Megan Venter het 'n besondere bydrae gelewer. Na 'n warm en besige dag loop Kloof met 16 goue medaljes, 21 silwer medaljes en 19 brons medaljes weg. Kloof, julle kan trots wees!

By die Superinterhoër staan Kloof op die podium met 'n silwer medalje om die nek. 'n Paar atlete wat 'n klop op die skouer verdien, is: Linique Vogel, Alexander Griesel, Lara van der Merwe, Riane van den Berg, Wesley Badenhorst, Aiden Smit, Dewan Schlebush en veral Chrystabel Davis, Mila Rodenburg, Inke Dittmer en Daniëlle Janse van Vuuren wat die dogters- o. 16-aflos gewen het.

*Klofies, Klofies together standing tall, shoulder to shoulder to answer the Klofies call. To answer the Klofies call.*

# Die WATER in Waterkloof

Nika Meiring

Bring die water, bring die swembrille - in 2024 is Klofie-swem aan die brand!

Vandat Waterkloof, na 42 jaar, uiteindelik sy eie swembad het, het Klofie-swem se rekordboek homself herskryf. Nuwe hoogtepunte word bereik, nuwe swemmers duik kop eerste in die water en nuwe afrigting bied nuwe geleenthede.

Op Maandag 12 Februarie neem Hoërskool Waterkloof se B-span aan die swemgala wat by *Sutherland High School* aangebied is, deel. Hier skop hulle borrels in die ander skole se oë toe hulle die liga wen. Conrad van Rooyen (gr. 8) word as Junior Victor Ludorum aangewys en Emma Oostuizen (gr. 8) as Junior Victrix Ludorum.

Verder was Woensdag 14 Februarie nie net die dag van liefde nie, maar ook die uitsonderlike dag waar die Klofies se A-span by die B-liga sweminterhoër hul vinne kon uithaal en wys. 44 swemmers staan saam om Waterkloof se naam hoog te hou en hulself op te werk na die A-liga, waar hulle eintlik hoort.

Onder leiding van swemkapteine, Ezmari de Villiers (gr. 12) en Elandré Pretorius (gr. 12), stap Hoërskool Waterkloof met 52 medaljes en 'n skitterende wentotaal van 990 punte by Hillcrest-swembad weg.

"Sport is wonderlik - dit vorm die leerders," sê hoofswemafrigter, Adrian de Souza.

Klofie-swem sit definitief die WATER in Waterkloof.



*- Fotograaf: Lime van der Nest -*



*Klofie-swemspan*
*- Fotograaf: Elmar Smit -*

# Die BLITZBLIKKE sedert 2024

Casey Robertson en Elimay le Roux

Die Blitzblikke het by vanjaar se interhuis-atletiekbyeenkoms hulle eerste verskyning op die atletiekbaan en op die pawiljoen gemaak. Hulle het die skares behoorlik laat juig en 'n paar harte by die dames gesteel toe hulle met hul pers uitrustings oor die rugbyveld gehardloop het. Die Blitzblikke is 'n span met visie en passie, wat hoop dat die Blitzblikke 'n langtermyntradisie sal word. Dié span het slegs uit sewe lede bestaan en was dalk nie so sterk in getalle nie, maar hulle was baie sterk in spierkrag. Aan die einde van die dag het hulle skoonskip gemaak met hul blitsvinnige baanitems en hulle het selfs hul eie nuwe geestrofee – Die BWC (*Blitzblikke Will Continue*) ontvang. Die gedugte span het bestaan uit matriekleerders: Lendrey Janse van Vuuren, Jamin Coertze, Waldemar Griesel, Riwan van Aswegen, Franco Cronjé, Migael Prinsloo en Eric Enslin.

**Wat was julle inspirasie vir die naam – Blitzblikke?**

Dit het alles in graad 10 begin toe Jamin en Lendrey op 'n plaas gaan jag het. Die laaste aand het hulle in die reën gaan visvang en 'n speletjie gespeel om te kyk wie 'n Coke-blikkie die hoogste kan gooi. Lendrey het sy blikkie só hoog gegooi dat die weerlig dit getref het en so het die naam ontstaan.

**Waarom het julle pers as spankleur gekies?**

Pers staan vir: P - *Premade Woolies meals*

E - Enigiets behalwe 'n warm toiletsitplek

R - Regtig, dis my pa se wors

S - *Snakes and ladders*

**Hoe het die Blitzblikke ontstaan?**

Dit was alles 'n besigheidstrategie. Jamin en Lendrey is groot besigheidsmanne wat enigiets sal aanpak. "Ons kan die son nou gaan blus as ons wil."- Lendrey Janse van Vuuren

**Wat maak julle span verhewe bo die res van die atletiekspanne?**

Die Blitzblikke is eintlik van die toekoms af en hierdie is alles deel van ons groot plan om die wêreld oor te neem. (Ons is nie eintlik mense nie, ons is dolfyne.)

**Wat is julle span se leuse?**

*We don't do if's, buts or maybes. We only do absolutes.*






*Blitzblikke*
*- Fotograwe: Jack Brevis, Marlette Krüger -*